VERSLAG VAN DIE BEHEERLIGGAAM /REPORT FROM THE GOVERNING BODY

NOVEMBER 2017

We would like to express our most sincere appreciation for the trust you have placed in us over the past three years. It has been a privilege to serve De Hoop. The next election for the new SGB will take place in March 2018.

HEELSKOOL EVALUERING APRIL 2017

Wat 'n ongelooflike voorreg is dit nie om betrokke te wees by een van die top skole in die Wes-Kaap nie! De Hoop het vroeër vanjaar 'n heelskool evaluering deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartment ondergaan en die daaropvolgende verslag wat aan die skool gestuur is, het ons wildste drome oortref. Die skool het uitmuntende uitslae behaal en wat die verslag nog beter gemaak het, was die feit dat die persoon wat in beheer was van al die skoolondersoeke, ook deel was van die span was wat by De Hoop die assessering waargeneem het. Hier volg 'n baie kort uittreksel uit die verslag:

Key			
4 – Outstanding	3 – Good	2 – Requires Improvement	1 – Inadequate

Overall performance of the school:	4

Areas for evaluation	**Rating**
Learner achievement	4
Teaching and learning	4
Behaviour and safety	4
Leadership and management	4
Governance, parents and community	4

The school is outstanding overall. The quality of teaching and learning and standard of learner achievement is outstanding.

Hierdie, tesame met ander suksesse van 2017, was slegs moontlik omdat daar baie harde werk ingesit is deur lojale ouers, passievolle leerkragte en toegewyde leerders van Laerskool De Hoop. Almal het die ekstra myl geloop om die skool 'n plek te maak waar almal hulle volle potensiaal kan bereik.

We all know the saying: "It takes a village to raise a child". Teamwork in a school is vital to its success. Challenges present themselves each day, but a strong team environment can act as a support mechanism for all involved. As partners in this school, we are **in pursuit of excellence**. And the Governing Body aims to ensure that excellence will be attained at every level of the

school. We are extremely proud of the teamwork between De Hoop's staff, parents and, of course, the reason we all do what we do – our learners.

SPONSORS

How does one say thank you to a large group of individuals and companies that sponsored and donated to a variety of activities at De Hoop this year? Your input and contributions were invaluable and we thank you for all your support. Be assured that your investment in our children's future has helped to create an incredible platform for them to discover their talents and to expand their knowledge.

AKADEMIE – WYNAND CILLIÉ

De Hoop het weereens vanjaar bewys dat hy een van die top akademiese skole in die Wes-Kaap is. Die uitslae van ons Gr 3 en 6 leerders wat deur die LitNum Sistemiese Assessering getoets is, was weereens baie goed en ons skool is tydens hierdie prysuitdeling vereer as een van die top skole in die Wes-Kaap. Ons *Smart Kids*-klasse waar ekstra vaslegging vir Gr 1 tot 3 leerders gedoen word, tesame met die voltydse personeellid wat remediërende onderwys aanbied, verseker dat die regte grondslag gelê word vir elke kind om sy volle akademiese potensiaal te ontwikkel. Aan die einde van 2016 was De Hoop weereens die skool met die laagste herhaalsyfer in die omgewing. Dit is 'n bewys dat ons nie net aandag gee aan hoë standaarde nie, maar ook sekermaak dat die leerder wat die akademie meer uitdagend vind, bybly.

Ons is werklik geseënd om kwaliteit onderwysers te hê wat die ekstra myl loop.

FINANCES – HEINN HAVENGA

Cost saving measures made it possible for us to keep the increase in school fees below 8% for 2018. The school fees compare exceptionally well to peer schools in the area. We paid a lot of attention to the proper managing of the school's bad debt and with the co-operation of the parents we could also ensure a drop in the long-term outstanding debt for 2017.

New measures were also put in place to ensure that the school suppliers charge market-related rates. We also focused on maintenance to ensure that our buildings and other facilities remain in mint condition.

Due to restructuring and management, we have managed to save interest paid to the bank on our long term bonds. These savings enabled us to complete projects such as the air conditioners without having to increase the school fees.

BEMARKING – GIDEON ROOS

Verlede jaar is daar 'n nuwe fondsinsamelingsprogram by die skool geloods waar plaaslike besighede en/of ondersteuners van De Hoop advertensieborde langs die sportvelde kon borg. Die skool is oorval deur belangstellendes en binne 'n kort tydjie was alle spasie vol. Ons

opregte dank weereens aan ’n betrokke en lojale ouerkorps wat die bemarking van hierdie projek so suksesvol laat verloop het. Inkomste gegenereer uit hierdie projek het nou reeds begin bydra tot volgehoue verbeterings en broodnodige onderhoud by die skool om te verseker dat die hoë standaarde van die skool gehandhaaf sal kan word.

Ons besef dat die lojale en aktiewe ondersteuning van ouers by De Hoop nie as vanselfsprekend aanvaar moet word nie – iets wat gereeld onder ons aandag gebring word gedurende gesprekke met beheerliggame en personeellede van ander skole. Juis as gevolg hiervan is die slagspreuk *BECAUSE OF YOU* deur die skool aanvaar om opregte waardering uit te spreek teenoor alle ouers en ondersteuners.

To show our gratitude, the School Governing Body hosted an evening event during October this year to thank all our loyal supporters, sponsors and parents and to share a glimpse of the positive impact of your support. *BECAUSE OF YOU*, the general appearance of our school grounds is something to be proud of, our sports fields and sports courts are well maintained and sought after, our buildings and classrooms are well kept, our activity centre is now supplied with filtered and purified water from our on-site borehole, and classrooms are air-conditioned and geared towards maintaining a stimulating and productive learning environment, irrespective of the hot summer months ahead. Many other improvements have also been effected at the school, most of which could not have happened without your generous support.

BECAUSE OF YOU our sports teams are always well equipped and uniformly dressed when going on tour, our cultural events, such as drama and music evenings, are well organised and a proud display of our children’s talent and *BECAUSE OF YOU* we can also pay our blessings forward by making donations to some less privileged schools.

Met ’n nuwe SBL wat volgende jaar verkies moet word, sal nuwe prioriteite en fondsinsamelingsinisiatiewe bepaal moet word vir die volgende bestuurstermyn. U voortgesette ondersteuning hiervoor word by voorbaat opreg waardeer.

GROND EN GEBOUE - NICOLAAS VAN WYK

Daar word jaarliks groot bedrae spandeer op die instandhouding en ontwikkeling van ons skoolgronde.

2017 se groot projekte het die volgende ingesluit:

- Die wal langs die Sentrum is omskep in ‘n bruikbare area wat in die toekoms gebruik kan word vir verkope tydens sportdae of iets dergliks.
- ‘n Gedeelte van die dreinstelsel is oorgedoen aangesien die stelsel aan die voorkant van die skool inmekaargesak het.
- Die advertensieborde rondom die veld is alles geïnstalleer en vertoon pragtig.

- Die onderste veld se krieketblad is oorgegiet en speel weer soos hy moet. Alle krieketnette is ook herstel en nuwe matte gelê waar nodig.
- Braaiplekke vir ouers en leerders is langs die sportvelde aangebring. Dit was ‘n geskenk van die 2015 graad 7-groep.
- ‘n Volledige filtreerstelsel met UV ligte ens. is geïnstalleer om boorgatwater te begin gebruik in en buite die skoolgebou om sodoende munisipale water te spaar.
- Alle klaskamers van graad 1 tot graad 7 is voorsien van wit skryfborde.
- Die saal se ligte is deur LED ligte vervang.
- Alle klasse het ‘n lugversorger ryker geword.
- Die graad 4 badkamer is meer gebruikersvriendelik gemaak deur van die wasbakke vir die leerders te verlaag.
- Die graad 1 klasse is uitgeverf.
- Die werkers se kamer is aan die begin van die jaar oorgedoen met nuwe kaste ens.
- Die sportkantoor sowel as die klein kantoor in die adminblok is oorgedoen en pryk met nuwe kaste, vloere ens.
- Die noodhulpkamer word oorgeverf en kry nuwe teëls.
- Die tuine is deur die jaar bygehou en ingeplant waar nodig terwyl die nuut aangeplante bome ook by die dag groter raak.

SPORT – Jan van Zyl

De Hoopers was weereens in 2017 ware wenners! Dit verblydend om te sien hoe ons leerders op verskillende sportgebiede presteer. Ons skool is baie trots op al ons leerders en baie dankbaar vir die harde werk en tyd wat hulle insit op die sportveld.

Ons spog vanjaar met 53 provinsiale spelers:

Skoolsport	**38**	**Buitesport**	**15**
Atletiek	4	Gimnastiek	7
Hokkie	2	Gholf	1
Landloop	2	Bofbal	1
Swem	6	Judo	5
Nebtal	6	Lewensredding	1
Skaak	2		
Tennis	15		

Hoogtepunte 2017

Die volgende spanne het vanjaar aan die verskeie Topskole-toernooie deelgeneem:

- Die o/12A-netbaldogters het 3de geëindig by Topskole en 10de by die nasionale toernooi in Boksburg.
- Ons o/9- & o/11-skaakspanne het aan die Topskole-toernooi op Worcester deelgeneem.
- Ons dogters o/13A-hokkiespan het vanjaar 2de geëindig by vanjaar se Topskole-toernooi.
- Die o/13A-tennispanne het pragtig presteer by Topskole. Die meisies het die toernooi gewen en die seuns was naaswanners.

CULTURE – ESBÉ STROMBECK

It has been a good year as far as the cultural department is concerned.

Our music pupils excelled at two eisteddfods, walking off with no fewer than forty category prizes. The senior and junior choirs performed at three eisteddfods and were both announced category winners at the Helderberg Eisteddfod. 2017 was characterised by a very large number of groups, such as bands, singing groups and instrumental ensembles, which were entered, thus encapsulating the essence of music-making, namely the enjoyment factor. Seven De Hoop learners sing in die famous Tygerberg Children's Choir. In the Unisa and Trinity College music exams, our 121 pupils who were entered received excellent results, and 17 of them have earned a place on the Roll of Honor of the respective examination bodies.

Our art clubs continue to do outstanding work. Three category prizes were achieved at the Stellenbosch Eisteddfod and a highly successful art exhibition was held in the school hall. The art class was re-decorated by the enthusiastic art teachers/moms and now boasts a positive and relaxed atmosphere where the young artists can produce stunning artwork amidst inspiring surroundings.

The photography club has continued with their excellent work and beautiful photos were exhibited at the annual exhibition. Our learners now have the opportunity to act as photographers at school functions, thus gaining valuable experience.

In spite of losing experienced drama and eisteddfod teachers, our drama department with its young, new teachers did us very proud at the drama festivals and eisteddfods. Out of eight nominations, two of our plays received awards for best new text, and "Distelvlinder" palmed in best ensemble and best actress. At the eisteddfods, De Hoop produced eighteen category winners in die speech and drama sections.

As far as public speaking is concerned, six of our learners were selected to participate in the final round of the national Radikale Redenaars competition in Pretoria where we produced the national winner in Grade 7 and runner up in Grade 5.

We have been very fortunate to have received a generous sponsorship from Mr Pieter Kotze, Chas Everitt, for the second year now. This enables us to take our cultural evenings to the next level in terms of sound and lighting which we can now afford to outsource to professionals. We appreciate their commitment to the arts.

OOV – AMANDA DE KLERK

Baie dankie aan die OOV bestuur, elke klas- en graadverteenwoordiger asook elke ouer en al die leerders vir julle samewerking en julle positiewe gesindheid met die insameling van fondse vir ons skool. Hierdie fondse word aangewend om die las op ouers ligter te maak en die skoolfondse so laag as moontlik te hou.

Die MySCHOOL-kaart het dié jaar reeds net oor die R 100 000 vir die skool ingebring. Baie dankie vir elke ouer se getroue ondersteuning met die inisiatief, julle maak beslis ‘n groot verskil! Ons wil elke familie steeds aanmoedig om soveel kaarte as moontlik te aktiveer, dit sluit ook ‘n oupa, ouma, tannie en oom in. Maak net seker dat De Hoop as die begunstige gespesifiseer is en wanneer die kaart vir die eerste keer gebruik word, is dit geaktiveer. Dit is regtig so maklik soos dit! Ondersteun asseblief die besigheidsvennote in die ‘My School’ kamp, want met elke swaai is daar inkomste wat na ons skool kom. Besoek gerus www.myschool.co.za vir meer inligting.

Ons gee graag terugvoering ten opsigte van hoe die fondse wat in 2017 ingesamel is, aangewend is:

1. ‘n Tiende van die fondse wat ingesamel word, gaan aan ‘n behoeftige situasie binne en buite die skool. Hierdie jaar is fondse geskenk aan Aanhouwen en lees boekies is gekoop om aan behoeftige skole te skenk.
2. ‘n Groot deel van die fondse is dié jaar gebruik om die wal by die veld netjies en, baie belangrik, veilig te maak.
3. Internasionale Onderwysersdag word regdeur die wêreld jaarliks op die 5de Oktober gevier. Die OOV het dié jaar weer ‘n ‘high-tea’ vir De Hoop se personeel tydens die pouse op Vrydag, 10 November gereël. Elkeen het ook ‘n geskenk as ‘n blyk van die ouers se waardering ontvang. Die personeel word met dié bederf weereens verseker dat hulle ‘n onskatbare bydrae in ons kinders se lewens maak.

4. De Hoop se sekretaresses en die finansies-personeel is bedank met ‘n ontbyt by Pajamas & Jam op die 22ste November – op só ‘n manier het ons ook dankie gesê vir al die administratiewe gunsies en take wat hulle vir die OOV doen.

5. ‘n Klein geskenkie word aan elke klas- en graadverteenwoordiger gegee as ‘n blykie van waardering. De Hoop is baie bevoorreg om ouers te hê wat met hul bydraes – gering of groot – ‘n verskil maak en daarvoor is ons oneindig dankbaar.

REKENAAR TEGNOLOGIE – NICO ESTERHUYSE

Die positiewe impak van die geïmplimenteerde rekenaarprojek gedurende 2015 en 2016 is omvattend en word nou ten volle deur onderwysers en skoliere ervaar. Elke klas is toegerus met ‘n administratiewe stelsel wat van onskatbare waarde is. De Hoop se Gr 1- tot Gr 7-leerders baat sonder twyfel, in alle opsigte, by moderne onderrigmetodes en die toevoeging van oudio-visuele stimulasie en metodiek. ‘n Groot dankie weereens hiervoor!

Gedurende 2017 is twaalf van die Gr 6- en Gr 7- klasrekenaars vervang met nuwe Intel Core i5 rekenaars. Van die ouer rekenaars wat vervang is, is egter opgegradeer om weer van die ander heel oudste en onbetroubare rekenaars in die skool te vervang. De Hoop is ook stelselmatig besig om alle rekenaars op te gradeer met Windows 10, en Office 365 sagteware.

Vier van die oudste projektors is ook in 2017 vervang. Hierdie projektors was nie deel van die “nuwer generasie” wat later in al die klasse geïnstalleer is nie, en moes vervang word aangesien hulle a.g.v. ge-eskaleerde gloeilamp vervangingskostes nie koste-effektief bedryf kon word nie. Ink vir al die drukkers in die skool het buitensporig duur geraak. ‘n Alternatiewe kleurkopieërder is aangekoop wat in medium- en langtermyn die hoë gepaardgaande ink uitgawe van die drukkers sal besnoei. Die kopieërder is ook in staat om hoë volumes drukwerk baie meer koste-effektief te kan hanteer. Veral programme en rapporte kan byvoorbeeld nou effektief in hoë volumes gedruk word.

De Hoop se netwerk is op ‘n veilige en stabiele plek. Die netwerk brei egter steeds geleidelik en stelselmatig uit en die infrastruktuur wat geskep is gedurende die rekenaarprojek, laat toe dat verdere basiese uitbreidings maklik geakkommodeer kan word. Die rugsteun stelsel (“backup system”) is in plek. Hierdie stelsel word op ‘n gereelde en voortdurende basis gemonitor om toe te sien dat enige onvoorsiene gebeurlikhede De Hoop nie onverhoeds betrap nie. Die bediener is in 2016 vervang en sal tot einde 2018 voldoende wees om die verwagte lading te kan hanteer. Daar moet egter in 2018 se begroting voorsiening gemaak word vir die vervanging van hierdie bediener aangesien hierdie tipe hardeware ‘n beperkte leeftyd het. ‘n Omvattende ondersoek sal in 2018 geloots word om te ondersoek of dit lewensvatbaar is om die huidige

telefoonstelsel op te gradeer na 'n VOIP (Voice Over Internet Protocol) stelsel, wat moontlik verdere effektiwiteit en koste voordele mag inhou vir De Hoop.

Dit gaan dus goed met De Hoop se IT! Tog sal daar op datum gebly moet word in terme van vervanging en voortdurende onderhoud en opgradering. Dit is 'n proses wat nooit stop nie en De Hoop mag nooit onverhoeds betrap word agv tegnologie wat agterweë gebly het nie.

DE HOK- GIDEON ROOS

Die DHOK (De Hoop Ondersteunersklub) se doelwit is om onder andere by te dra tot 'n positiewe gees van samehorigheid en trots tussen ouers, onderwysers en kinders van De Hoop en so ook om die skool se beeld en waardes na buite uit te dra. Hierdie doel is vanjaar weer met groot geesdrif aangepak. Aan die hele komitee en almal wat op enige wyse behulpsaam was – ons opregte dank. Julle betrokkenheid – klein en/of groot – het vanjaar weer gehelp dat ieder en elk "Trots De Hoop" kon wees!

Some of our activities during 2017:

- The year started with our AGM and guest speaker Mr. Schenk, Principal of Parel Vallei High School sharing some thoughts on "the qualities that a high school is looking for in a pupil when assessing an application for enrolment". This turned out to have been a great and informative evening with positive feedback from many of the parents in attendance.
- The Neil Powell and the Springbok Sevens Evening of 29 June was next on the agenda. This was also one of our fundraising events for the year and earned De Hoop ± R 50,000.00 in support of our facilities and special projects. Another hugely successful evening with many compliments afterwards.
- Next-up on 3 Augustus was motivational speaker and business expert Dr Pieter Barnard with the theme "How to raise adults – and not children". Once again the Activity Centre was packed with parents who also made thorough use of the Q & A opportunity afterwards.
- The The Pro-20 Event has now been established as an annual tradition in combination with the mini-cricket that takes place earlier on the same afternoon. As such it was once again a great success with strong competition between teams and fantastic support from families contributing to the festive atmosphere around the field.
- Our last event planned for the year will D.V. be on Tuesday 5 December 2017, the day before the schools close for the Christmas holidays. Brad Huddleston, international speaker, consultant, teacher and author on important issues such as technology and culture, including *"Digital Cocaine: A Journey Toward iBalance"* and *"The Dark Side of Technology: Restoring Balance in the Digital Age"*, is visiting us from the United States. He will be addressing the children during school hours in the morning and we as parents will listen to him in the evening. Please check the school's Communicator for further details – this is a must attend evening for all!

Die gewildheid van die DHOK-baadjie het nou ook genoodsaak dat voorraad aangevul moes word. Die nuwe baadjies het reeds opgedaag en ons is dus reg vir die nuwe jaar en al die nuwe graad-1 ouers of enige ander ouers wat nog graag die pragtige De Hoop baadjie teen kosprys wil aanskaf. Baadjies is by Ontvangs beskikbaar.

Daar het vanjaar ook weer ongeveer 50 nuwe lede aangesluit – baie welkom aan almal.

It is clear that 2017 has once again been a busy year. De Hoop is grateful for the excellent support and the involvement of so many parents – irrespective of being members of DHOK or not – and the positive feedback from so many during and after events. We will continue to do everything in our power to sustain and further expand the positive atmosphere at De Hoop where we aim to offer all learners and their families the opportunity to thrive.

IN CLOSING

As the holiday season is upon us, we find ourselves reflecting on the past year and those who have helped to shape our school. It's been quite a year for us and we hope that 2017 has been just as memorable for you and your loved ones. We look forward to working with you in 2018.

The end of the year brings no greater joy than the opportunity to wish you the season's greetings and blessings. We would like to wish all our children, families and staff a wonderful Christmas and a fabulous New Year. May you all enjoy the time together with your families.

Travel safely and see you in the New Year!

With a thankful heart

Sandra Louw
Governing Body: Chairperson